Project name: AL3283

Date of interview: 8 December 2009

Location of interview: Rietfontein, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 4 minutes 13 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Inspector Joppie van Staden

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_VANSTADENJOPPIE_20091209_2

| | |
|---|---|
| De Wet | Dis Dinsdag 8 Desember 2009, Pretoria, en ek sit hier saam met inspekteur Joppie van Staden afgetrede polisieman. Hy was eers van sy studentedae af was hy by die onluste-eenheid, Eenheid 19, gestasioneer en daarna het inspekteur geword in bomopruiming. Nou Joppie, ek wil eers graag met jou gesels oor die dae by die onluste-eenheid, eenheid 19, dit was die moeilike dae in die sewentigerjare (tagtigerjare eintlik) toe die ANC gereeld betogings en opstande gereël het en so aan en julle wat gebruik was, julle was die skerppunt gewees van die polisie om hierdie goed onder beheer te bring. Nou vertel ons bietjie die omstandighede waaronder dit begin het en watter manier die mense behandel was in elk geval. Dit was harde jare gewees so. Oor na jou. |
| Joppie | 1987 die eerste semester in die polisiekollege gewees, onlustekursus gedoen en terwyl ons nog student was is ons uitgeplaas Johannesburg toe in die tyd toe die treine gebrand het. Twee maande in Johannesburg in die ou John Vorster gebly en die meeste van die tyd skofte gewerk in Soweto seld deursoekings gedoen en alles was ANC georienteerd waar dit vandaan gekom het. Ons het nie genade gehad met die treinbranders nie. As ons hulle gekry het, het ons hulle doodgeskiet of half doodgedonder. Daarvandaan teruggekom |

| | |
|---|---|
| | en klaargemaak en uitgeplaas na Eenheid 19 toe.<br>Eenheid 19 was, kyk elke plek het sy eie onluste-eenheid gehad. Johannesburg, Pretoria, elkeen het sy eie Eenheid 19 gehad. Eenheid 19 was die dapper duisend.<br>Ons het onder hoofkantoor geval maar enige plek waar daar oproer was ons daarheen ontplooi binne 'n kwessie van 'n paar ure.<br>Toe is ons weer einde 1987 is ons ontplooi Bosbokrant toe ook nog by onluste. Daar was dit toe al redelik rustig gewees.<br>Die volgende een wat lekker prettig was, was toe ons einde 1988 ontplooi daar by Pinetown. Dit was in 'n swart woongebied gewees daar, Shongweni. Ons het in die middel van die townhsip ons basis gehad. Dit was UDM en ANC gewees. Die UDM was ons baie goesdgesind en ons altyd bygestaan met inligting.<br>Ons het maar meestal jag gemaak op die ANC-mannetjies en dan het ons ons maniere gehad om hulle te laat praat. Van 'n tube tot elektrisiteit. Daar was nie shock masjientjies gewees nie. In hondehokke aangehou, dog biscuits elke ding.<br>Een dag het hulle ons basis aangeval, basies en ons het vier... vyf van hulle geskiet en toe was dit meestal rustig, maar opvolgwerk het ons gereeld gedoen. Aanvalle op die basis het nie weer gebeur nie.<br>Oproer het basies nog voortgeduur tot einde 1989. |